# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 28 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse van bronne<br>• Raak betrokke by bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures by brongebaseerde vrae:

- Gebruik ’n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Fokus op die nasienriglyn bv. (2 x 2) wat aandui dat twee redes gegee moet word en elke rede twee regmerkies moet kry (✓✓✓✓); (1 x 2) dui een rede aan vir twee punte (✓✓).
- Indien ’n antwoord 4 punte werd is, moet dit aangedui word met 4 regmerkies (✓✓✓✓).

### 1.4 In die nasien van vrae oor ondersteuning/ooreenkomste, moet die antwoord soos volg wees:

- Dit toon / Dit impliseer / Beide bronne ...
- Maar in die geval van die verskille in bronne moet die antwoord wees: In Bron A ..., maar in Bron B ...

## 1.5 PARAGRAAFVRAAG

Paragrawe moet holisties geassesseer word. Die inhoud sowel as die struktuur van die paragraaf moet in aanmerking geneem word wanneer ’n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer die respons op ’n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ’n kol “bullet” (•) by elke plek in die skryfstuk waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het wat die vraag aanspreek.
- Lees die paragraaf weer en evalueer die mate waarin die kandidaat in staat was om die relevante bewyse te gebruik om ’n paragraaf te skryf.
- Aan die einde van die paragraaf moet die regmerkies (✓) wat die kandidaat verdien het vir die paragraaf sowel as die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en ’n kort opmerking verskyn, bv.

  ______________•_____________________•________________________

  _____________________•__________________________•____________

  _________________________•___________________________•

  ✓✓✓✓

  Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om ’n basiese paragraaf te skryf.

  Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die punt in die onderkant regs in kantlyn bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totaal korrek oorgedra word na die voorblad/agterblad van die antwoordboek.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ’n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ’n redelike reeks feite of ’n effektiewe argument te weergee om sodoende die gestelde vraag te antwoord. Dit is noodsaaklik dat ’n opstel ’n inleiding, ’n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ’n slot moet hê.

**2.2 Nasien van opstelvrae:**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ’n sekere sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ’n riglyn vir nasien van ’n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.

**2.3 Globale assessering van die opstel:**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die nasiener die totale produk as ’n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar word nie van die kandidaat verwag om slegs feite neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om model-antwoorde voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word kandidate met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ’n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag.

**2.4 Assesseringsprosedures by die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis ingedagte tydens die nasien van die opstel.

2.4.2 Met die eerste lees van die opstel moet regmerkies gemaak word by ’n relevante inleiding (soos aangedui deur die kolpunt (‘bullet’) in die nasienriglyne), elke hooffeit/-aspek wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur kolpunte(‘bullets’) in die nasienriglyn) en ’n relevante gevolgtrekking (aangedui deur ’n kolpunt (‘bullet’) in die nasienriglyn ) bv. in ’n antwoord met 5 kernfeite sal daar 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte, slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^

| | | |
|---|---|---|
| • | Verkeerde stelling | __________________ |
| • | Irrelevante stelling | \| |
| | | \| |
| | | \| |
| • | Herhaling | R |
| • | Analise | A√ |
| • | Interpretasie | I√ |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word.

Tydens die assessering van ’n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ’n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

c) Ken ’n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## GLONBALE NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTALE PUNTE: [50]

| **Aanbieding**<br>**Inhoud** | **VLAK 7**<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het goed gebalanseerde oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om argument te ondersteun. | **VLAK 6**<br>Baie goed beplande en gestruk-tureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Goed beplande en gestruk-tureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Argument beplan en gestruktureerd. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argumente te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3**<br>Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en om 'n beplande argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **VLAK 2**<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1**<br>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoud-seleksie relevant tot argument wat gevolg is. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30– 33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met die vraag maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20 - 23 | 18-19 | 14-17 |
| **VLAK 1**<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevant beantwoord. | | | | | | 14-17 | 0-13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie / totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

| | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 |
|---|---|---|---|
| | **Haal bewyse uit die bronne. Selekteer en organiseer relevante inligting van bronne. Definieer historiese begrippe.** | **Verduidelik historiese begrippe in konteks. Interpretasie van bewyse uit die bronne. Verduidelik inligting uit die bronne. Analiseer bewyse uit die bronne.** | **Interpreteer en evalueer. Verstaan vooroordeel, betroubaarheid, bruikbaarheid en beperkings. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasie, evaluering en sintese (paragraaf).** |
| **CAPS** | **30%** | **40%** | **30%** |
| 1.1.1. | 1 | | |
| 1.1.2. | 2 | | |
| 1.1.3. | 2 | | |
| 1.1.4. | | 2 | |
| 1.1.5. | 1 | | |
| 1.1.6 | | 4 | |
| | | | |
| 1.2.1. | 3 | | |
| 1.2.2. | 1 | | |
| 1.2.3. | | 2 | |
| 1.2.4. | | 2 | |
| 1.2.5 | 1 | | |
| 1.3.1 | 1 | | |
| 1.3.2 | | 4 | |
| 1.3.3 | 2 | | |
| 1.3.4 | | 4 | |
| 1.3.5 | | 2 | |
| 1.4.1 | | 2 | |
| 1.4.2 | | | 2 |
| 1.5 | | | 4 |
| 1.6 | | | 8 |
| | 28% | 44% | 28% |
| 2.1.1 | 1 | | |
| 2.1.2 | 1 | | |
| 2.1.3 | 2 | | |
| 2.1.4 | | 4 | |
| 2.1.5 | | 2 | |
| 2.2.1 | 2 | | |
| 2.2.2 | 4 | | |
| 2.2.3 | 2 | | |
| 2.2.4 | | 4 | |
| 2.3.1 | 1 | | |
| 2.3.2 | | 4 | |
| 2.3.3 | | 4 | |
| 2.3.4 | | | 2 |
| 2.4.1 | 3 | | |
| 2.4.2 | 2 | | |
| 2.5 | | | 4 |
| 2.6 | | | 8 |
| | 36% | 36% | 28% |
| 3.1.1 | 4 | | |
| 3.1.2 | 1 | | |
| 3.1.3 | 2 | | |
| 3.1.4 | | 4 | |
| 3.1.5 | | | 2 |
| 3.2.1 | 1 | | |
| 3.2.2 | | 2 | |
| 3.2.3 | | 4 | |
| 3.2.4 | | | 2 |
| 3.2.5 | 2 | | |
| 3.3.1 | 2 | | |
| 3.3.2 | 2 | | |
| 3.3.3 | | 4 | |
| 3.3.4 | | 4 | |
| 3.4.1 | 2 | | |
| 3.4.2 | | 2 | |
| 3.5 | | | 2 |
| 3.6 | | | 8 |
| | 32% | 40% | 28% |

# AFDELING A

## VRAAG 1: HOEKOM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE OM EUROPESE DOMINANSIE GEKOMPETEER NÁ 1945?

1.1

1.1.1 *[Ontrekking van bewyse van Bron 1A – Vlak 1]*
- "… Wes-Europa het verwoes gelê." (1x1) (1)

1.1.2 *[Ontrekking van bewyse van Bron 1A – Vlak 1]*
- "Die oorlog het saailande verwoes ..."
- "… en infrastruktuur vernietig." (2x1) (2)

1.1.3 *[Ontrekking van bewyse van Bron 1A – Vlak 1]*
- "… het Marshall aangekondig dat die doel om hulp na Wes-Europa te stuur heeltemal om humanitêre redes was ..."
- "… het selfs hulp aan die kommunistiese state in die ooste aangebied." (2x1) (2)

1.1.4 *[Verduidelik 'n historiese begrip uit Bron 1A – Vlak 2]*
- Ekonomiese hulp iaangebied deur George Marshall van die VSA aan alle lande wat verwoes is deur die Tweede Wêreldoorlog.
- Die Marshall-plan het ook bekend gestaan as die Europese herstelprogram, wat 'n VSA-program was om hulp te verleen aan Wes-Europa ná die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog.
- Enige relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

1.1.5 *[Onttreking van bewyse van Bron 1A – Vlak 1]*
- "Die Marshall-plan het 'n ekonomiese wonderwerk in Wes-Europa geskep." (1x1) (1)

1.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – Vlak 2]*
- Die sukkelende ekonomieë is gehelp deur die Marshall-plan.
- Die Sowjetunie het gevoel dat kommunisme bedreig word.
- Die Marshall-plan het gewys hoe kapitalisme werk.
- Die Sowjetunie het nou meer redes gehad om kommunisme te beskerm.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

**[12]**

1.2

1.2.1 *[Onttreking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]*
- "België"
- "Nederland"
- "Luxemburg" (3x1) (3)

1.2.2 *[Onttreking van bewyse van Bron 1B – Vlak 1]*
- "Moeilikhede het tussen die drie regerings ontstaan, veral as gevolg van hul teenstrydige menings oor Europese samewerking, hul houding teenoor Duitsland en die gebruik van hulp wat deur die Marshall-plan beskikbaar gestel is." (1x1) (1)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – Vlak 2]*
- Hulle regerings het gevlug van Duitse aggressie en Nazisme gedurende die Tweede Wêreldoorlog.
- Enige ander relevante antwoord (1x2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – Vlak 2]*
- 'n Groep state wat saamstem om dieselfde invoerbelasting te vra vir mekaar en om vryhandel tussen mekaar toe te laat.
- Enige relevante antwoord (1x2) (2)

1.2.5 *[Onttreking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]*
- "… uiteenlopende ekonomiese strukture en nasionale belange gehad het." (1x1) (1)

**[9]**

1.3

1.3.1 *[Onttreking van bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]*
- "… Sowjetunie …" (1x1) (1)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – Vlak 2]*
- Die VSA het die Marshall-plan gebruik om hulle invloed in Europa uit te brei.
- Ander lande het reeds kapitalisme ingestel.
- Deur die Marshall-plan het die VSA en sy bondgenote die ekonomieë van Wes-Europa oorheers en hulle afhanklikheid op VSA se hulp en invloed veroorsaak.
- Die VSA is beskuldig van die gebruik van die Marshall-plan om sy politieke belange soos die beheer van kommunisme en die vorming van Europese beleide te bevorder.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

1.3.3 *[Onttreking van bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]*
- "… Joego-Slawië en Pole …" (2x1) (2)

1.3.4 *[Interpretasie uit die Bron 1C – Vlak 2]*

- Hy het afgewyk van kommunisme.
- Sy kommunisme was nie so streng soos die sowjetunie s’n nie.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

1.3.5 *[Definieer ’n begrip uit Bron 1C – Vlak 2]*

- Die Sowjetunie se ekonomiese hulp aan sy satellietstate om die Marshall-plan teë te werk.
- Sowjetunie het Cominform gevorm om die kommunisme onder die Sowjet-leier te verenig.
- Dit was ’n Sowjet-gedomineerde organisasie wat gestig is in 1947 en gestreef het om internasionale kommunistiese aktiwiteite te koördineer en Sowjet-belange te bevorder gedurende die Koue Oorlog. (Enige 1x2) (2)

**[13]**

1.4

1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – Vlak 2]*

- VSA is gewys as ’n magtige bevelhebbende mag in Europa – hulle was die kaptein van die skip.
  VSA bied ekonomiese hulp deur die Marshall-plan maar eintlik beteken dit dat die lande deur die VSA verplig word deur hulle militêre imperialisme.
- Die spotprent wys miltêre hulp – gewere en helms wat uitgedeel word en nie as enige ekonomiese hulp soos Marshall beweer het om te gee nie.
- Die reddingsgordels kan gesien word as ’n manier om lande te beheer en nie net ekonomiese hulp nie.
- Die VSA is gesien as redding vir Europa – Marshall is gewys as die persoon wat die reddingsgordels uitdeel wat gewoonlik gebruik word om mense wat verdrink te red.
- Die reddingsgordels word gegee aan Europese lande met verwagtinge daarby (militêre hulp).
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie and evaluasie van bewyse van Bron 1D om eensydigheid te bewys – Vlak 3]*

**Kandidate moet die visuele leidrade gebruik om eensydigheid in die spotprent te bewys.**

**JA:**

- Marshall se gesig is kwaad, en hy bied nie geskenke van vriendelikheid nie.
- Marshall gee gordels weg, nie geld nie.
- Reddingsgordels wat deur die VSA uitgedeel is het byvoegings gehad – militêre hulp.
- Gewere, swaarde en helms is by die gordels aangeheg, dit simboliseer militêre beheer.
- Die spotprenttekenaar impliseer dat die eintlike doel was om die VSA se invloedsfeer uit te brei.
- Enige relevante antwoord

**NEE:**

- Dit wys die Marshall-plan soos dit was – ekonomiese en politieke ondersteuning vir ander lande.
- Ander lande het ondersteuning van VSA nodig.
- Enige ander relevante antwoord (1x2) (2)

1.5 *[Vergelyking en analise van bewyse van Bronne 1A en 1D – V3]*

.

- Bron 1A verduidelik die ekonomiese ondersteuning wat die Marshall-plan sal voorsien terwyl ID die vorm van politieke dominansie oor ander lande aandui.
- In Bron 1A, was alle lande vry om te besluit of hulle die Marshall-plan wil gebruik terwyl in 1D die gordels gesien kan word as beheer oor die lande wat van die hulp gebruik maak.
- Bron 1A wys dat die Marshall-plan se doel die herlewing was van werkende ekonomieë in die wêreld was, maar Bron 1D verwys glad nie na ekonomiese hulp nie maar eerder militêre hulp in die vorm van wapens en helms. (Enige 2x2)
- Enige ander relevante antwoord (4)

**[8]**

1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne – Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Ná die Tweede Wêreldoorlog was die VSA en Sowjetunie weer die oorblywende supermoondhede maar hulle het baie verskillende vorms van regering en ekonomie gehad – die VSA ’n kapitalistiese demokrasie en die Sowjet-unie ’n kommunistiese diktatorskap. (Bron 1A)
- Europa was verwoes deur die oorlog. (Bron 1A, 1B en 1C.)
- George Marshall het hulp aan die Europese ekonomie aangekondig. (Bron 1A)
- Baie Europese lande het die hulp verwelkom – noem die lande. (Bron 1C)
- Die VSA het die Marshall-plan aangebied met baie hulp wat sukkelende ekonomieë kon help wat toegelaat het dat kommunistiese simpatiseerders mag kon kry. (Eie kennis.)
- Joego-Slawië en Pole, kommunistiese lande het ook die plan aanvaar. (Bron 1B)
- Die Sowjetunie het die Marshall-plan / die herstelplan vir Europa ná die Tweede Wêreldoorlog verwerp. (Bron 1C)
- Die Sowjet Unie het die plan gesien as `n poging om lande te wen na kapitalisme se kant. (Bron 1C)
- Die Sowjet-unie het die Cominform gevorm om lande te verenig teen “Amerikaanse Imperialisme”. (Bron 1C)
- Teen 1950 het die Marshall-plan ekonomiese stabiliteit in lande soos Brittanje, Frankryk, Wes-Duitsland gebring. (Bron 1A)
- Die lande kon geensins meer kommunisme aanhang nie. (Eie kennis)
- Die VSA wou hulle demokratiese sfeer in Europa uitbrei en kommunisme beheer. (Bron 1A)
- Die Sowjetunie het die Marshall-plan gesien as ’n verskuilde militêre alliansie. (Bron 1D)
- Enige relevante antwoord

**Gebruik die rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier; **toon min of geen begrip van hoe die die Koue Oorlog Europa geraak het na die Tweede Wêreld Oorlog.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om ’n paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | PUNTE: 0–2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; **toon ’n mate van begrip van hoe die Koue Oorlog Europa geraak het na die Tweede Wêreld Oorlog.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | PUNTE: 3–5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse wat ’n **deeglike begrip toon van hoe die die Koue Oorlog Europa geraak het na die Tweede Wêreld Oorlog.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ”n georganiseerde paragraaf. | PUNTE: 6−8 |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE DIE UITKOMS VAN DIE ANGOLA-OORLOG TUSSEN 1987 EN 1988 BEÏNVLOED?

2.1

2.1.1 *[Onttreking van bewyse van Bron 2A – Vlak 1]*

- "… tussen 14 Augustus 1987 en 23 Maart 1988, ..." (1x1) (1)

2.1.2 *[Onttreking van bewyse van Bron 2A – Vlak 1]*

"… Tumpo-rivier oos van Cuito Cuanavale." (1x1) (1)

2.1.3 *[Onttrek bewyse van Bron 2A – Vlak 1]*

- "… Operasie Modulêr …" (1x2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2A – Vlak 2]*

- Oorwinning was nie verseker vir almal wat betrokke was nie.
- Suid-Afrika het dit moeilik gevind om die enorme kostes van die oorlog te regverdig.
- Jong wit mans het in die oorlog gesterf.
- Verhoogde militarisme van Suid-Afrika het opposisie uitgelok.
- Enige relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2A – Vlak 2]*

- Want die supermoondhede was betrokke
- Enige ander relevante antwoord (1x2) (2)

**[10]**

2.2

2.2.1 *[Onttreking van bewyse van Bron 2B – Vlak 1]*

a) "4 785" (1x1) (1)

b) "32" (1x1) (1)

2.2.2 *[Onttreking van bewyse van Bron 2B – Vlak 1]*

- Die SAW want Kuba/FAPLA verloor 94 tenks en SAW 3 tenks.
- Kuba/FAPLA verloor 100 gepantserde voertuie en SAW 11.
- Kuba/FAPLA verloor 34 vuurpyllanseerders en SAW geen.
- Kuba/FAPLA verloor 9 helikopters en SAW geen.
- Kuba/FAPLA verloor 389 logistieke voertuie en SAW geen.
- Enige relevante antwoord (4x1) (4)

© SACAI KOPIEREG

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B – Vlak 1]*

- Suid-Afrika ondersteun UNITA in die slag, so dit was aspris gedoen om hulle statistieke laer te hou.
- Die staistieke sou gewys het dat Suid-Afrika en UNITA verliese gelei het in die slag. (1x2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B – Vlak 2]*

- FAPLA het wapens van Kuba ontvang.
- Sowjetunie het ook wapentuig aan FAPLA voorsien.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

**[12]**

2.3

2.3.1 *[Onttreking van bewyse van Bron 2C – Vlak 1]*

- "Dit was nie ons bedoeling om 'n oorlog te begin wat in Luanda kan eindig en aanhou vir ewig nie." (1x1) (1)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2C – Vlak 2]*

- Hy wou nie hê dat Suid-Afrika die oorlog verloor waar baie jong mans sou sterf nie.
- Hy wou nie 'n klomp geld verloor vir niks, net soos die VSA in Viëtnam nie.
- Suid-Afrikaanse soldate baklei in 'n vreemde land – net soos die VSA in Viëtnam.
- Die oorlog het langer aanghou as wat verwag is.
- Enige relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2C – Vlak 2]*

- Die Kubane het nie Mavinga en Jamba verower nie.
- Suid-Afrika het Kuba en FAPLA verhoed om die twee dorpe te beset.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

2.3.4 *[Die eensydigheid van Bron 2C – Vlak 3]*

- Die bron wys net die standpunt van Generaal Geldenhuys van Suid-Afrika.
- Die bron is van 'n Suid-Afrikaanse perspektief en regverdig die aksies geneem deur die SAW. (1x2) (2)

**[11]**

2.4

2.4.1 *[Onttreking van bewyse van Bron 2D – Vlak 1]*

- "Die Angolese offensief en Suid-Afrikaanse ingryping."
- "Die eskalasie van die konflik deur Suid-Afrika en die daaropvolgende Kubaanse eskalasie."
- "Die strategiese dooiepunt wat die weg gebaan het vir vrede." (3x1) (3)

2.4.2 *[Onttreking van bewyse van Bron 2D – Vlak 1]*

- "Suid-Afrika"
- "VSA" (2x1) (2)

2.5 *[Vergelyking van Bronne 2D en 2C – Vlak 3]*

- Albei bronne noem die feit dat Suid-Afrika deelgeneem het aan die Slag om UNITA te ondersteun.
- Bron 2C – Die SAW het beperkte doelwitte in die Slag van Cuito Cuanevale gehad omdat hulle UNITA ondersteun het.
- Bron 2D – Die hoof van SAW het 2 onderhandelingspanne gestuur om UNITA te help.
- Albei bronne verwys na Generaal Geldenhuys as hoof van die SAW.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

**[9]**

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne – Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

**Natuur**

- 1987 Kubaanse en Angolese magte val UNITA aan. (Bron 2A)
- Suid-Afrikaanse troepe kom help UNITA. (Bron 2A)
- Die Kubaanse troepe kon die SAW en hulle lugmag terugdryf. (Bron 2A)
- Die hoof van die SAW onttrek van Cuito Cuanavale a.g.v vrees vir lewensverlies. (Bron 2A en C)
- Die Kubaanse en Angolese weermag het gepoog om die SAW uit Mavinga en Jamba te forseer. (Bron 2B en C)
- Die Angolese weermag is uit Mavinga geforseer met die hulp van die SAW. (Bron 2B en 2C)
- Suid-Afrika het sy bondgenoot UNITA ondersteun teen die Kubane. (Bronne 2A, 2B en 2C)
- In November 1987 het ’n groeiende slag rondom Cuito Cuanavale ontwikkel in suid-oos Angola waarin die Suid-Afrikaanse magte in ondersteuning aan UNITA beleg gelê het.
- Die Slag het een van die grootste vasgestelde veldslae in Afrika sedert die Tweede Wêreldoorlog geword. (Bron 2A en C)
- Suid-Afrika en Kuba het ’n ooreenkoms onderteken om te onttrek uit Angola. (Eie kennis)

- Buitelandse inmenging het die oorlog in Angola verleng. (Eie kennis)
- Belangrike infrastruktuur is vernietig en dit het gelei tot die invloei van ontheemdes. (Eie kennis)
- Enige relevante antwoord

**Gebruik die rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier; **toon min of geen begrip van hoe die Slag van Cuito Cuanavale die uitkoms op die Angola-oorlog beïnvloed het nie.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om ’ paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | PUNTE: 0–2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; **toon ’n mate van begrip van hoe die Slag van Cuito Cuanavale die uitkoms op die Angola-oorlog beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | PUNTE: 3–5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse wat ’n **deeglike begrip toon van hoe die Slag van Cuito Cuanavale die uitkoms op die Angola-oorlog beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf. | PUNTE: 6–8 |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE KONSERWATIEWE WIT AMERIKANERS OP DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS IN 1957 GEREAGEER?**

3.1

3.1.1 *[Onttreking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "Minnijean Brown"
- "Elizabeth Eckford"
- "Ernest Green"
- "Thelma Mothershed"
- "Melba Patillo"
- "Gloria Ray"
- "Terrence Roberts"
- "Jefferson Thomas"
- "Carlotta Walls" (Enige 4x1) (4)

3.1.2 *[Onttreking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "Ten spyte van die teenkanting het nege studente geregistreer om die eerste Afro-Amerikaners te wees wat Central High School bywoon." (1x1) (1)

3.1.3 *[Onttreking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "… Little Rock Nege …" (1x2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3A – Vlak 2]*

a) Om vas te stel wat hulle ingesteldheid en akademiese vlak van integrasie was en om hulle voor te berei wat om te verwag as die klasse begin. (1x2) (2)

*b)* Om te verseker dat elke student voorbereid sal wees op die rassistiese aanslae. (1x2) (2)

3.1.5 *[Toets betroubaarheid van Bron 3A – Vlak 3]*

- Die bron is betroubaar want dit is verkry deur die Amerikaanse geskiedenisargiewe.
- Die datums en tye stem ooreen met historiese rekords. (1x2) (2)

**[13]**

3.2

3.2.1 *[Onttreking van bewyse van Bron 3B – Vlak 1]*

- "Die plan van integrasie wat nou deur die federale howe op ons afgedwing word, is deur die Little Rock Skoolraad en sy superintendent opgestel." (1x1) (1)

3.2.2 *[Definieer 'n historiese begrip uit Bron 3B – Vlak 2]*

- Dat Afro-Amerikaners suksesvol toegelaat word om dieselfde skole as hulle wit eweknieë by te woon. (1x2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3B – Vlak 2]*

- Die Federale Hof het ten gunste van integrasie beslis.
- Die Hooggeregshof het verseker dat integrasie tot wetgewing gebring is. (2x2) (4)

3.2.4 *[Analise van bewyse van Bron 3B – Vlak 3]*

- Hy was teen integrasie wat deur die hofbeslissing beslis is.
- Gebruik negatiewe woorde soos "geweld", "wanorde".
- Enige relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

3.2.5 *[Onttreking van bewyse van Bron 3B – Vlak 1]*

- "Wanorde"
- "Geweld" (2x1) (2)

**[11]**

3.3

3.3.1 *[Onttreking van bewyse van Bron 3C- Vlak 1]*

- "… het hulle hul bajonette voor haar gehou ..." (1x2) (2)

3.3.2 *[Onttreking van bewyse van Bron 3C – Vlak 1]*

- "… hulle het in my gesig gespoeg."
- "Ek is 'n gemerkte man …" (2x1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3C – Vlak 2]*

- Hulle was teen integrasie.
- Hulle het die bevele van die goewerneur om Afro-Amerikaners studente te stop om in te gaan, gevolg. (2x2) (4)

3.3.4 *[Interpretasie van die bewyse van Bron 3C – Vlak 2]*

- Die reg tot opvoeding.
- Die reg tot vryheid van marteling.
- Die reg van assosiasie.
- Die reg tot sekuriteit (beskerming).
- Die reg tot vryheid van beweging.
- Enige relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

**[12]**

3.4

3.4.1 *[Onttreking van bewyse van Bron 3D – Vlak 1]*
"om die integrasie van Central High School in 1957 teë te staan." (1x2) (2)

3.4.2 *[Verduideliking van 'n historiese begrip van Bron 3D – Vlak 2]*
- Wit Amerikaners wat gekant was teen die desegregasie in skole
- Hulle wil hê dat daar segregasie in skole moet wees.
- Enige relevante antwoord (1x2) (2)

3.4.3 *[Vergelyking van Bron 3D en 3C – Vlak 3]*
- Bron 3C is pro-integrasie maar Bron 3D is anti-integrasie.
- Bron 3D is 'n visuele oordrywing van wat in Bron 3C geïmpliseer word. (1x2) (2)

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne – Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

Kandidate moet hulle standpunt stel:
- Central High School is gebou vir eksklusiewe gebruik deur wit Amerikaanse studente. (Eie kennis)
- Sommige Afro-Amerikaners het hierdie beleide in die federale howe uitgedaag. (Eie kennis)
- Dit was duidelik dat die Little Rock Nege deur vyandigheid van die konserwatiewe wittes gekonfronteer word. (Bron 3C)
- Dit het gelei tot die Hooggeregshof se beslissing vir integrasie wat op 21 Desember 1954 in werking getree het. (Eie kennis)
- Die Skoolraad van Central High school het hierdie beslissing geïmplementeer. (Bron 3A en 3B)
- Die CCC het geweier om integrasie te aanvaar. (Bron 3D)
- Daisy Bates en die NAACP het die Afro-Amerikaanse studente geevalueer voordat hulle skool toe is. (Bron 3A)
- Hierdie studente het bekend gestaan as die Little Rock Nege. (Bron 3A)
- Die goewerneur en die mense van die omgewing was gekant teen integrasie. (Bron 3B, 3C en 3D)
- Van die studente is geboelie en verhoed om die skoolgronde binne te gaan bv. Elizabeth. (Bron 3C)
- Dr. Benjamin Fine is geteister omdat hy Elizabeth probeer beskerm het. (Bron 3C)
- Die goewerneur het die Nasionale Wagte beveel om die Afro-Amerikaanse studente uit die skool te hou. (Bron 3C)
- Later het die goewerneur die Central High School toegemaak. Sy rede was hy wou geweld en bloedvergieting stop. (Bron 3B)
- Enige relevante antwoord

**Gebruik die rubriek om ’n punt toe te ken**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier; toon min of geen begrip vir **hoe die wit konserwatiewe Amerikaners op integrasie van Central High School, in 1957 reageer het nie.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om ’n paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | PUNTE: 0–2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; **toon ’n mate van begrip vir hoe die wit konserwatiewe Amerikaners op integrasie van Central High School, in 1957 reageer het nie.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | PUNTE: 3–5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse wat ’n **deeglike begrip toon van hoe die wit konserwatiewe Amerikaners op integrasie van Central High School, in 1957 reageer het nie.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf. | PUNTE: 6–8 |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

## AFDELING B: OPSTEL

*[Beplan, konstrueer, en bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpreterende vaardighede te gebruik.]*

**VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM**

“Die Viëtnam-oorlog (1954–1976) was gekenmerk deur die oorweldigende getalle van ongevalle, gebruik van chemiese wapens, en uitgebreide mediadekking.”

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te staaf.

**SINOPSIS**

In die skryf van hierdie opstel moet kandidate standpunt inneem of hulle saamstem of nie.

**KERNASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**INLEIDING**

- Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui hoe hulle gaan poog om die vraag te beantwoord.

**UITBREIDING**

**Agtergrond**

- Die kernrede vir die konflik was die begeerte van Noord-Viëtnam, wat die Franse koloniale administrasie van Viëtnam in 1954 verslaan het, om die hele land onder 'n verenigde kommunistiese regime, soos **die in die Sowjet-unie en China**, te verenig.
- By die Geneefse konferensie is Viëtnam tydelik verdeel by die 17de parallelle lyn in Noord-Viëtnam, beheer deur die **kommunistiese Vietminh** en Suid-Viëtnam, wat deur die **VSA en die Franse** ondersteun is.
- Suid-Viëtnam is regeer deur die tiranniese en ongewilde **Ngo Dinh Diem**, wat geweier het om die verkiesings te hou wat Viëtnam moes verenig.
- Ngo Dinh Diem is deur anti-kommunistiese state soos die **VSA** ondersteun.
- Die Nasionale Bevrydingsfront (NLF) – kommunisties-georiënteerd – met hulle eie opgeleide guerrillamagte, die Viëtkong en wat Ngo Dinh Diem teengestaan het, is gestig. Dit het die land in 'n **burgeroorlog** gedompel.
- Die plaaslike mense in Suid-Viëtnam het begin om die **Viëtkong te ondersteun**. Dit het die Amerikaners laat vrees dat **kommunisme gaan versprei**. (Domino-effek.)
- Die Viëtkong is deur die Chinese en die **Sowjets** ondersteun.
- Die Viëtkong het voorrade, wapens, voedsel en selfs soldate van Noord-Viëtnam via die **Ho Chi Minh-roete** ontvang.

- Die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog, in wese 'n konflik tussen die Noorde en die Suide, het 'n stryd geword teen die wêreldwye verspreiding van kommunisme. Dit was 'n **volmagoorlog ("proxy"-oorlog)** gedurende die **Koue Oorlog** en deel van die Amerikaanse vaspenningsbeleid.

**Die oorlog:**

- **Tot en met 1954 het die VSA die Franse** teen die Vietminh met geld en toerusting ondersteun.
- Tussen 1945 en 1960 het die VSA hulp, toerusting en militêre adviseurs gestuur om die Suid-Viëtnamese te ondersteun.
- **Tussen 1960 en 1963 het President Kennedy die "veilige dorpie"- (hamlet) stelsel begin.** Dit het misluk, omdat die meeste van die Viëtkong-lede kleinboere was wat vanuit die dorpies gewerk het – neem beheer oor ongeveer 40% van die platteland.
- Die VSA het op 8 Maart 1965 **3 500 spesiale magte en voetsoldate** na Vietnam gestuur.
- **Golf van Tonkin - Golf van Tonkin-resolusie**
- President Johnson het die VSA se betrokkenheid verhoog – **teen 1967 was daar ongeveer 500 000 Amerikaanse troepe in Viëtnam.**
- **Operasie Rolling Thunder** (April 1965) het ten doel gehad om die Viëtkong van hul steun in die noorde af te sny deur hawens, weermagbasisse en toevoerlyne te vernietig, maar dit kon nie die Viëtkong se wil om te veg of die vloei van manne en voorrade langs die Ho Chi Minh-roete stuit of verswak nie.
- **The VSA het omtrent 900 vliegtuie verloor wat gelei het tot 'n verhoogde vraag na soldate. –** Die aanbod is verhoog in 1965.
- **Chemiese oorlogvoering:** Agent Orange en napalm het die VSA onpopulêr gemaak en baie lande het teen die VSA gedraai – dit het die omgewing beskadig.
- **Operasie Arc Light – B-52 strategiese bom-aanvalle om die terrein voor te berei vir Amerikaanse grondtroepe om na die Viëtkong (Operasie Charlie) te soek.**
- **Die Tet-offensief (1968)** – Die Viëtkong het 'n massiewe aanval op ongeveer honderd dorpe en stede, insluitend Saigon sowel as twaalf VSA lugbasisse van stapel gestuur. Die Viëtkong kon 80% van alle dorpe en nedersettings verower.
- Alhoewel die Viëtkong swaar verliese gely het en versuim het om 'n uitklophou te lewer, het dit getoon dat dit die vermoë gehad het om die middel van die VSA-beheerde gebied te tref. Dit het aan die **Amerikaanse publiek** gewys dat hulle nie die oorlog kon wen nie.
- **Die VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur.**
- Die VSA gebruik die "s**oek en vernietig"-strategie om dorpies en ondersteuning vir die Viëtkong te vernietig (byvoorbeeld My Lai slagting)** – guerrilla-taktiek het hulle verwar.
- **Dit het tot die dood van baie burgerlikes gelei** en tot groter ondersteuning vir die Viëtkong.
  - Die **aantal VSA soldate wat in die oorlog gesterf het, het toegeneem** – dit lei tot anti-oorlogveldtogte in die VSA.
  - Teen 1971 was 5 000 mans behandel vir oorlogwonde en 20 000 vir dwelmmisbruik – teen tussen 1966 en 1973 was daar 503 000 gevalle van verlating.

- **Televisienuusberigte** (media-oorlog / eerste oorlog wat in die "sitkamer" ingebring is), koerante en tydskrifte het beeldmateriaal gewys van voorvalle waar Viëtnamese burgerlikes deur Amerikaanse troepe (napalm-foto) vermoor is en gevolglik het **anti-oorlogsbewegings** ontwikkel. (Kent Staat-slagting / Anti-Viëtnam-oorlogveldtog)
- President Nixon se beleid van "Viëtnamisering" – opleiding van die Suid-Viëtnamese en geleidelike onttrekking.
- **Nog swaar bombardering van Noord-Viëtnam in 1970** – maar kon nie die Viëtkong stop nie / die Ho Chi Minh-roete vernietig nie. 1973-skietstilstand en die laaste Amerikaanse troepe word onttrek.
- In 1975 het die kommunistiese Viëtkong oorwin; **1976 is Viëtnam onder kommunistiese regering verenig**. Die VSA het misluk om die uitbreiding van kommunisme te stuit.

**Gevolge:**

- 'n Geraamde **2 miljoen Viëtnamese is dood** en ongeveer 3 miljoen mense gewond.
- Die oorlog het **die land se infrastruktuur en ekonomie vernietig** (Agent Orange het die woude en kosvoorrade vernietig).
- Dit het gesondheidsprobleme op die lang termyn tot gevolg gehad.
- **12 miljoen mense het hulle huise en geliefdes verloor, 500 000 het vlugtelinge geword**.
- **Die oorlog het die VSA se ekonomie baie gekos**, hoë vlakke van ongevalle – ongeveer 700 000 het **sielkundig skade gelei**, dwelmverslawing het toegeneem**.**
- **Amerikaanse wandade teen die Viëtnamese mense het die Amerikaanse openbare beeld wêreldwyd geskaad.**
- Enige relevante respons

**SLOT**

- Kandidate moet hulle argument saamvat in 'n relevante gevolgtrekking. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

"Mobutu Sese Seko was suksesvol om politiese, ekonomiese en sosiale stabiliteit in die Kongo te bewerkstellig ná onafhanklikheid in die 1960's."

Bespreek hierdie stelling krities en gebruik relevante historiese bewyse.

### SINOPSIS

Die kandidate moet die impak van Mobutu Sese Seko se ekonomiese, sosiale en politieke beleid op die Kongo ná sy onafhanklikheid in die 1960's krities verduidelik.

### KERNASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

### INLEIDING

- Kandidate moet Mobutu Sese Seko se beleide (sy leierskap) en die impak op die mense na onafhanklikheid verduidelik.

### UITBREIDING

**Agtergrond:**

- Die Kongo het onafhanklikheid van België verkry op 30 Junie 1960, Lumumba het die land se Eerste Minister geword, maar hy is sewe maande later in 'n sluipmoordaanval dood. België het onafhanklikheid toegestaan sonder om enigiets te doen om Kongolese op die verandering voor te berei.
- Sese Seko se regering het as 'n **militêre regime** begin ná die staatsgreep wat Kasavubu omvergewerp het.
- Die Kongo se oorgangsperiode was gevul met spanning en etniese twis. In 1964 het Kongolese rebelle (die Simba) teen die regering in opstand gekom. Uiteindelik het Mobutu se leër, met die hulp van Belgiese en Amerikaanse valskermsoldate, die teenstand onderdruk.
- Politieke stabiliteit het eers na die Kongo teruggekeer toe Sese Seko in November 1965 met die hulp van die CIA en met die politieke en militêre ondersteuning van Westerse lande, wat hom as 'n bondgenoot teen kommunisme in Afrika beskou het, die mag oorgeneem het.

**Politieke beleid – Sese Seko se leierskap:**

- Sese Seko het gesê hy is ten gunste van 'n demokrasie, maar hy het as 'n diktator geregeer.
- Persoonlikheidskultus – die inwoners van Zaïre is gedwing om na toesprake te luister.
- Hy het ontslae geraak van alle politieke partye behalwe sy eie, the Popular Movement of the Revolution (MPR) (eenpartystaat). Dit het die weg gebaan vir hom om die verkiesing in 1970 te wen, waar hy 'n sewejaartermyn gewen het.
- Daar was baie **menseregteskendings** en hy het sy vyande wreed onderdruk, byvoorbeeld deu openbare teregstellings.

© SACAI KOPIEREG

- Hy het daarna gestreef om **nasionale eenheid** en trots te bevorder, 'n Zaïre-identiteit en -kultuur. Hy het die naam van die Kongo verander na die Republiek van Zaïre. Dit was die eerste stap om Europese invloed op die nasie te probeer verminder.
- Zaïre het betrokke geraak by die Angolese Burgeroorlog deur die verloorders te ondersteun. Zaïre het toegang tot die Benguela-spoorlyn nodig gehad.
- Die lewe van gewone burgers het nie gedurende sy regering verbeter nie. Sy regering is gekenmerk deur wanbestuur van fondse en **korrupsie**.
- Sese Seko het sy naam verander sodat dit "seëvierende krygsman wat van krag tot krag gaan" beteken het, en het 'n kultuspersoonlikheid ontwikkel (**Mobutisme**).
- Onder Sese Seko is daar ook na Zaïre verwys as 'n **kleptokrasie** (heerskappy deur diewe).
- Sese Seko het ook gedurig sy ministers en senior offisiere vervang of hulle posisies gereorganiseer, sodat niemand 'n bedreiging vir sy mag sou word nie. Hy het ook 'n gewoonte daarvan gemaak om sy senior amptenare af te dank en hulle sonder waarskuwing in die tronk te gooi.
- Sese Seko het 'n streng ekstreme beleid van Afrikanisering van die Kongo begin – **authenticitè**. Hy het elke burger beveel om hul doopnaame na 'n Afrika-naam te verander.

**Ekonomiese beleide**

- Sese Seko het die Kongo se ryk natuurlike hulpbronne gebruik om 'n broodnodige inkomste te verkry. Hy het buitelandse kopers verwelkom en die koper, kobalt, diamante en ander minerale vir gunstige pryse aan hulle verkoop.
- Mobutu het die wins van die koper-uitvoere vir 'n tien-jaar industrialisasieprogram van die Kongo gebruik. Die **Inga-dam**, die wêreld se grootste hidro-elektriese dam, is in 1972 voltooi.
- Mobutu het 'n **staalfabriek in Kinshasa** en 'n kraglyn van 1 786 km wat van die weste van die land tot in die Katanga-provinsie in die suidooste gestrek het, laat bou en geïnstalleer.
- Ná 'n besoek aan China in 1973 het Mobutu gesê dat Zaïre groter onafhanklikheid van die Weste moet hê en met 'n proses van nasionalisering begin. Hy het die regering beveel om **beslag te lê op 2 000 buitelandse maatskappye**.
- Plantasies, plase, fabrieke en firmas wat die ekonomie aan die gang gehou het, is aan sy vriende en familie oorhandig, met hyself wat amper die helfte self besit het.
- Besighede het **bankrot** gespeel of is verwoes deur wanbestuur.
- Staatsamptenare het maande lank onbetaald gegaan – wend hulle tot korrupsie / verlenging van kleptokrasie.
- Zaïrenasie en die "radikalisasie van die revolusie" wat nasionalisering van handel ingesluit het, het die chaos in alle sfere van die ekonomie vererger, korrupsie het infrastruktuur vernietig, en gelei tot die **laagste lewenstandaard** in die wêreld.
- Opkoms van die nuwe elite het gelei tot klassedifferensiasie.
- Die skielike daling in die internasionale vraag na koper in die 1970's het die Kongolese ekonomie drasties gedestabiliseer.
- Dit het duidelik geword dat Sese Seko **se beleid misluk het**, hy moes buitelandse beleggers terugnooi, die Wêreldbank het $3 miljard aan Zaïre geleen. (Het afhanklik geword van buitelandse hulp.)

**Sosiale en kulturele beleide:**

- Die onafhanklikheid het die verspreiding van die Afrika-kultuur bevorder. Kanda Bongo het 'n internasionale musikant geword, bekend vir sy kwassa-kwassamusiek.

Onafhanklikheid het Kongolese skrywers geïnspireer – Lisembe Elebe het toneelstukke geskryf.
- **Westerse klere is verbied** – geen pakke, dasse, klere word geïnspireer deur Mao.
- Onderwys: Nuwe skole is ná onafhanklikheid gestig, maar geldtekort en te min onderwysers het negatiewe gevolge vir die onderwys gehad.
- Kerkskole was teen die 1990's meestal verantwoordelik vir die onderwys van jong Kongolese.
- Gedurende die 1970's het die jaarlikse inflasiekoers 100% bereik. Die regering het probeer om die inflasiekoers te verlaag deur minder op gesondheidsdienste, onderwysprogramme en sosiale welsynstoelae te spandeer. Hierdie maatreëls het veral die lewens van die armes geraak.
- Enige ander relevante antwoord

**SLOT**

Kandidate moet hulle argument saamvat in 'n relevante gevolgtrekking. **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate Malcolm X, Stokeley Carmichael en die leiers van die Black Panther Party (BPP) suksesvol was om geregtigheid en rassegelykheid vir Afro-Amerikaners in die VSA in die 1960's te verkry.

Gebruik relevante bewyse om jou standpunt te staaf.

### SINOPSIS

In die skryf van hierdie opstel moet die leerders `n oorspronklike argument konstrueer gebasseer op die bewyse en hulle moet analitiese en interpretasie vaardighede gebruik.

### KERNASPEKTE

Fokus op die beginsel van selfstandigheid.

### UITBREIDING

**Agtergrond:**

- Die Swartmagbeweging is gevorm omdat die Afro-Amerikaners ongelukkig was met die Burgerregtebeweging.
- **Rassisme en segrgasie het nogsteeds bestaan al was daar die Burgerreg**tewet en Stemregwet in die VSA.
- Afro-Amerikaners was moeg en ongeduldig met die stadige pas van verandering en die nie-geweld van die Burgerregtebeweging.
- Die Swartmagbeweging het **swart trots, eenheid, selfonderhouding en gelykheid vir almal** bevorder.

  **Stokely Carmichael**:
- **Hy het die voorsitter van die** (SNCC) in 1966 en het die frase 'Swartmag" (Black Power) in sy toespraak gewild gemaak. Hy het uiteindelik sy idees verander van passiewe weerstand tot meer selfgeldende metodes.(Black is beautiful)
- Swartmag het 'n gevoel van **rassetrots en selfwaarde** in Afro-Amerikaners ingeskerp – hulle is aangemoedig om hulle Afrika-herkoms te erken en trots te wees op hulle kultuur en om dinge op hulle eie te doen en **hulleself te verdedig teen** rasse oorheersing en manipulasie.
- Hy het geglo dat nie-geweld werk nie want daar was voortgaande geweld wat gebruik is deur wit Amerikaners teen Afro-Amerikaners.
- Voorstaander van **uitsluiting van 'wit liberales' as `n filosofie.**
- **Malcolm X** was 'n welsprekende aktivis vir Swartmag – hy het gesê dat hulle vir **gelyke regte** moes veg selfs al sou dit beteken dat hulle geweld moes gebruik. Jong stedelike Afro-Amerikaners was aangetrokke tot sy idees.
- Hy het geglo in swart verdeling, **self-beskikking (Swart Nasionalisme)** en hy is `n **voorstaander van self-respek en self-dissipline.**
- Geglo in die konsep van Swart **self-trots en self-gelding/selvertroue/ self/help-** Swart Trots.
- Hy het geroep selfgelding (aggressiewiteit) in hulle rewolusie bv. Die rasse onluste in Watts.

- Hy bevorder die gebruik van geweld as `n vorm van **selfverdediging** teen diegene wat Afro-Amerikaners aanval.
- Malcolm X het Martin Luther Jr se droom as `n nagmerrie gesien.
- **Carmichael** het Swartmag gedefinieer as ’n oproep vir swart / Afro-Amerikaanse mense in sy land om **te verenig**, om hul **erfenis** te erken, om ’n gevoel van **gemeenskap** te bou. Swart mense moet **hul eie doelwitte definieer en hul eie organisasies lei.**
- Die Swartmagbeweging het Afro-Amerikaners aangemoedig om hulle Afrika-herkoms te erken deur **Afro-haarstyle en Afrika-musiek en kultuur aan te hang asook om oor die Afrika-geskiedenis te leer.**

**Huey Newton en Bobby Searle:**

- Hulle het die **Black Panther Party** vir selfverdediging (BPP) gestig. Dit het begin as ’n groep wie se hoofdoel was om die Afro-Amerikaanse woonbuurte te beveilig en teen polisiebrutaliteite en rassisme te beskerm. Hulle het die gebruik van **gewere aangemoedig om hulself te beskerm**.
- Baie hoofstroom-blankes was die Black Panther en ander Swartmaggroepe negatief gesind, omdat hulle as anti-wit en as teen wetstoepassing gesien is.
- Ander BPP-aktiviste soos **Erika Huggins** het minderbevoorregte Afro-Amerikaners bemagtig om ’n opvoeding te kry.
- **Elaine Brown** het die jeug en vroue geïnspireer om hulleself te bevry.
- Die BPP was betrokke by skietgevegte met polisie in New York en Chicago. Die FBI het hulle as ’n bedreiging vir nasionale veiligheid beskou.
- In 1967 is Huey Newton gearresteer en het die BPP ’n “Free Huey”-veldtog begin.
- Net so was Angela Davis ’n uitgesproke BPP-aktivis wat ook in hegtenis geneem is. Soortgelyke “Free Angela”-veldtogte is gehou.
- Die BPP het die **“Gratis ontbyt vir kinders”-programme** begin wat daartoe gelei het dat arm kinders elke dag kos ontvang het, klinieke vir volwassenes en kinders het gratis gesondheidsorg verskaf en ’n skema om swart leerders op skool te help is begin.
- Die BPP het ’n **10-punt program** opgestel wat eise vir werksgeleenthede, behoorlike behuising, beter onderwys en die beëindiging van polisiebrutaliteit ingesluit het.
- Die BPP het by ’n reeks onwettige praktyke betrokke geraak om fondse in te samel. Hulle was onder meer betrokke by ’n konfrontasie met die polisie waartydens 50 mense dood is.
- Die Swartmagbeweging was betrokke by onder andere rasse-onluste in Watts, Los Angeles, Newark, New Jersey en Detroit. Sulke onluste het talle dood en honderde beseer gelaat, asook groot skade en vandalisme aan eiendom veroorsaak.
- Dit het nie rassediskriminasie beëindig nie, maar wel ’n positiewe effek op swart / Afro-Amerikaanse **selfvertroue en eiewaarde** gehad.
- Dit lei tot die **“Black is Beautiful”**-beweging en bevorder swart kuns en kultuur.
  Enige relevante antwoord

**SLOT**

Kandidate moet hulle argument saamvat in ’n relevante gevolgtrekking. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]